DEXTER

26 Julie 2005 Kontakdexter@mailbox.co.za Jou Eie Koerant

"DIS NOU OF NOOIT!"

Barend Uys van Solidariteit aan die woord om studente se griewe rondom Afrikaans uit te lig. Ongeveer 70 studente het die Administrasie gebou laas week Maandag tydelik beset om te kla oor die uitfasering van Afrikaans.

Bertus Kruger

Afrikaans se dae op Tuks is getel. Dit is nou as die UP-bestuur sy sin kry, en voortgaan met hul huidige proses om Afrikaans stelselmatig uit te faseer. Emosies op kampus loop hoog nadat dit duidelik gestel is dat slegs geselekteerde vakke voortaan in Afrikaans aangebied sal word. Hierdie verklaring deur Prof. Chris de Beer, die viserektor, kom nadat daar al reeds vir etlike maande 'n proses aan die gang is om veral in die Fakulteit Ingenieurswese vakke na slegs Engels oor te skakel.

Die taalkwessie by Tuks was die afgelope week weer prominent in die nuus nadat studente bestuurslede onkant gevang en die Administrasie gebou tydelik beset het. Ongeveer 70 studente het Maandag 18 Julie onverwags by die rektor se kantoor opgedaag en geëis dat verduidelik word hoekom hulle nie in Afrikaans kan klas kry nie. Barend Uys van Solidariteit het namens die studente aan Prof. de Beer dit duidelik gestel dat studente die saak in 'n ernstige lig sien, en dat studente nie te vinde vir die Universiteit se optrede is nie. Bestuurslede moes die situasie ontlont, en daar is ooreengekom om dieselfde dag nog met verteenwoordigers van Solidariteit te vergader. Dit is tydens die gesprek met Solidariteit dat Prof. de Beer verklaar het dat Afrikaans voortaan nie meer in alle vakke aangebied sal word nie. Die vise-rektor het blykbaar gewaarsku dat mense wat nou vir Afrikaans se voortbestaan stry die mense is wat die taal vermoor.

Studente is geskok oor die viserektor se uitlatings. Volgens Barend Uys van Solidariteit is dit teleurstellend dat die Universiteit die meerderheid studente op Tuks so in die steek laat. "Baie studente is gewerf met die belofte dat hulle in Afrikaans sal klas kry, en nou moet hulle skielik na Engels oorskakel." Jan-Hendrik Kay, leier van VF+ op Tuks, het daarop gewys dat studente betaal om in hul eie taal klas te kry, en dat die UP-bestuur nou Afrikaanse studente se belange ignoreer. Volgens De Wet van Heerden van die ASB is dit duidelik dat sekere bestuurslede net besluite neem om die ANC ter wille te wees. "Daar is geen logika agter hierdie besluit nie, die minderheid se taal word nou op die meerderheid afgedwing."

Solidariteit het onomwonde verklaar dat die UP-bestuur se "onverantwoordelike optrede" nie toegelaat sal word nie. "Dis nou of nooit. Die voortbestaan van Afrikaans is by 'n kruispad, en elke student sal nou saam vir Afrikaans se voortbestaan moet stry." Solidariteit het aangedui dat hy voort sal gaan met sy stryd rondom taalregte op UP.

LP "soos hond" weggejaag

VF+ op Tuks het sy teleurstelling uitgespreek nadat mnr. Willie Spies, lid van die parlement, "soos 'n hond" van 'n vergadering oor Afrikaans weggejaag is. Prof. Chris De Beer het blykbaar geweier om aan die vergadering deel te neem as mnr. Spies ook daar is.

EcomWise (Pty) Ltd

Vir al jou nuwe hardeware behoeftes!

Kry dié intreevlak rekenaar -

Intel® Celeron® D 2267MHz, stiffiedryf, SoundBlaster luidsprekers, geïntegreerde grafika, AGP 8x, 6 kanaal klankkaart, 10/100 netwerkkaart, Samsung 256MB geheue, Seagate 40GB hardeskyf, LG 15" monitor, LG 52X CD-skrywer/16x DVD-dryf, LG 56K modem, Microsoft Basic sleutelbord, Microsoft Basic optiese muis, Microsoft Windows XP Home Edition

- vir slegs R4 300

Kontak ons nou vir 'n Kwotasie.

Skakel Kobus by 072 687 8097

TUKS DALK 90% SWART

Bertus Kruger

Daar is sprake dat die Universiteit van Pretoria in die nabye toekoms 90% swart sal wees. Viserektor, prof. Chris de Beer, het gesê dat die Universiteit verteenwoordigend moet wees van die nasionale bevolkingsamestelling.
Die implikasie daarvan is dat slegs 10% van die Universiteit blank sal wees. “Dit is 'n welbekende feit dat blanke studente hoër klasgelde as swart studente betaal, om nie eers van Mamelodi te praat nie” sê ASB verteenwoordiger, De Wet van Heerden. “Ek dink nie die Universiteit besef die implikasies van sy besluite nie. As daar slegs 10% blankes toegelaat word op Tuks, sal dit beteken dat swart studente vir 'n verandering sal moet betaal. Ek twyfel of die Universiteit ooit sonder Afrikaners se geld sal kan klaarkom.”
Verskeie organisasies, wat die DA en VF+ insluit, is met die Universiteit oor rasse kwotas in gesprek. Beide die DA en VF+ het al aangedui dat meriete 'n belangriker rol as ras moet speel.

Verwoerd die held van Afrika

NA MY MENING...

Sarel Roets

Noem net die naam van Dr. HF Verwoerd, en die meeste studente dink aan die man wat Apartheid gevestig het, en die skuld vir als wat verkeerd loop moet kry. As 'n mens na die ANC luister, was Verwoerd die duiwel homself.
“Ek dink, daarom is ek” is een van die bekendste slagspreuke van die moderne mens, maar het ons Afrikaners nie vandag 'n trop skape geword wat alles wat die ANC en sy media ons voer vir die waarheid opvreet nie? Ons dink dat ons nog vir onsself dink, maar eintlik dink die ANC en sy meelopers vir ons. Om werklik te kyk wie en wat Dr. Verwoerd was, moet ons dalk net vir een oomblik propaganda ignoreer, en na ware statistieke en feite kyk. Die waarheid is dat Suid-Afrika onder Dr. Verwoerd 'n ekonomies vooruitstrewende en veilige land was.
Onder Dr. Verwoerd was daar 'n toestand van orde en ekonomiese groei. Daar was bykans geen werkloosheid nie, ja ook onder swart inwoners. Vergelyk dit met die huidige syfers van ongeveer 45% werkloosheid. Die land se Bruto Binnelandse Produk het onder Verwoerd elke jaar met meer as 5% gestyg, terwyl die inflasiekoers laer as 3% was. Belastingkoerse was drasties minder as in lande soos die VSA, Brittanje, Kanada en Duitsland. Die infrastruktuur wat ons vandag nog gebruik, is deur Dr. Verwoerd gevestig.
Daarby was SA 'n veilige land, en misdaad was skaars en uitsonderlik. Kinders het in die strate gespeel, en openbare vervoer was puik en veilig. Vandag kan 'n meisie dit nie op 'n trein waag nie. Waar almal onder Dr. Verwoerd veilig en gelukkig kon leef, moet ons vandag in totale vrees en spanning onsself in ons huise toesluit. Dr. Verwoerd het altyd net een veiligheidswag gehad, selfs met sy maandelikse besoeke aan swart woongebiede. Vandag sien jy nie vir Mbeki sonder sy 30 swaar gewapende wagte nie. Misdaad het van die moderne SA 'n land van chaos gemaak.
Almal moet uit feite erken Dr. Verwoerd het vir sy inwoners gesorg soos nog nooit weer in Afrika gesien is nie, en dat SA onder Dr. Verwoerd ekonomies en stabiel gesond was, iets wat ons nooit weer daarna beleef het nie. Maar wat dan van Apartheid? Dit is die een aspek van Dr. Verwoerd wat die ANC en ander kommuniste laat vuur spoeg. Emosies een kant toe geskuif, is daar een feit wat soos 'n paal bo die water uitstaan: Onder Dr. Verwoerd het die swart bevolking 'n hoër lewensstandaard as in enige ander Afrika land gehad, en beslis beter as vandag se armoede en honger. Danksy Dr. Verwoerd se gesondheidsprogramme is daar vandag nie net 8 miljoen swartes in SA nie, maar meer as 40 miljoen. Danksy Dr. Verwoerd is daar vandag meer swart gegradueerdes in SA as in enige ander Afrika land. Dr. Verwoerd se Apartheid het nooit enige inwoner werksgeleenthede op grond van ras geweier nie. (Vandag kan blankes weens regstellende aksie skaars werk kry.) Apartheid van destyds was gegrond op liefde, om te sorg vir elke kultuur en elke inwoner. Apartheid was gegrond op respek, om ons verskille te erken en nie mekaar se kulture teen mekaar te laat kompeteer nie. Apartheid was gegrond op eerlikheid en gelyke geleenthede vir alle inwoners. Was Dr. Verwoerd regtig sleg? As ons 'n ANC-regering wat vir Mugabe as die perfekte leier voorhou moet glo, was hy dalk. As ons egter verder as liberale propaganda dink, is dit duidelik Dr. Verwoerd is die held van Afrika.

Sarel Roets was voorheen studenteleier van die AVKB, en is tans betrokke by die Sekretariaat vir Volksbou.

Briewe

Gooi weg die kombuistaal.

Ek verwys na 'n artikel in die Dexter van 24 Mei 2005. Dit is deur Ernst Roets geskryf en is getitel "UP sê studente moet taal meng". Ek self is Engels sprekend en wil dus asseblief verder in Engels my mening lig. Ongelukking is my Afrikaans nie goed genoeg om hierdie brief in Afrikaans te skryf nie. I am SO happy that someone has eventually reported on this situation. I'm not sure whether this "mengelmoes" of languages projects "coolness" to other young people but there is nothing worse than listening to Tuks FM for example and the DJ sounds as though his/her vocabulary is lacking or he/she is just a cretin. I was brought up in an era when we were proud of the languages we could speak, be it English or Afrikaans and were severely taken to task for speaking "kombuis taal" when we mixed our languages. I have always been inordinately proud of the fact that I am able to hold an intelligent conversation in Afrikaans, now I find that I can use ANY language as there is now this movement towards "there is no such thing as Anglesisme". I AM a purist and if one is a DJ on the radio or a lecturer then PLEASE use proper language. I loved the fact that the Dexter used wonderful language. It gives one hope for the future. Ek sien uit na julle volgende uitgawe. Sterkte en dankie vir ‘n baie oulike en insiggewende koerant.

Me Tony Howard

Kom ons toets UP bestuur!

Ek het die afgelope week gelees hoe prof. De Beer sê dat ‘n meningsopname onder studente gewys het dat die VSR moet waai, en daarom moet hulle loop. Ek het nou nie juis ooit van so ‘n opname gehoor nie, maar hy kan dalk reg wees. Hy moet net onthou dat die proses weerskante toe geld. Ek wonder net wat sal hy maak as ons ‘n meningsopname onder die studente oor die bestuur hou? Sal die bestuur ook moet loop as die studente wys dat hulle dit so wil hê? Hy kan tog nie verwag die VSR moet die pad vat omdat studente nie van hulle hou nie, terwyl hy bly as dieselfde studente nog minder van die bestuur hou nie?

Meinhard Coetzee

Skryf vir die Dexter by kontakdexter@mailbox.co.za

HUIS VOORTREKKER: GEEN VERBETERING

Antoinique van Staden

In die vorige uitgawe van die Dexter het ons Huis Voortrekker se storie vertel. Die artikel het gehandel oor Huis Voortrekker wat gekniehalter word om aan sekere UP-verwante sport- en kultuur aktiwiteite deel te neem. Professor Roelf Visser is die persoon wat oor die algemeen verantwoordelik is daarvoor dat byeenkomste wat Voortrekker met dameskoshuise reël, afgestel word. Op vrydagaand, 22 Julie 2005, het Professor Roelf Visser weereens 'n dinee wat Huis Voortrekker by die dameskoshuis Nerina gereël gehad het, probeer afstel. Voortrekker se dinee was net by dié dameskoshuis se saal gereël. Voortrekker verwag geen finasiële ondersteuning van die Universiteit nie. Al wat hulle vra is om toegelaat te word tot alle UP-verwant sosiale aktiwiteite waaraan hulle voel hulle wil deelneem. Verlede jaar is die huismoeder van Curlitzia met haar werk gedreig indien sy die koshuissaal aan Huis Voortrekker sou uithuur. Hierdie jaar het Curlitzia nuwe koshuisouers gekry. Beide Nerina en Curlitzia se sale word privaat vir ander funksies uitgehuur, maar Voortrekker sukkel om die saal te bekom vir een aand. Daar was vorige gevalle waar dieselfde gebeur het as Vrydagaand. Huis Voortrekker se grondwet bevat geen klousule wat veroorsaak dat iemand "uitgesluit" word soos die topbestuur van UP beweer nie. Tog ontvang hulle geweldige teenkanting en word hulle gekniehalter om elke tweede draai. Kan topbestuur dit dalk aan die HK's van die koshuis verduidelik en sommer aan almal wat nie verstaan nie?

Meng 'n bierfees met 'n Afrikaanse sangaand, en jy kry 'n Cantus. Die Cantus is besig om groot aftrek onder studente te kry. Dit is veral die mengsel van Afrikaner patriotisme, sang en studentepret wat maak dat studente altyd weer vir meer terugkom. Hier is 'n tafels vol studente by 'n pas afgelope Cantus.

Gaan voer 'n Klopjag op Maloney's uit!

Kobus Bezuidenhout

Maloney's in Hatfield is besig om homself as een van die groot kuierplekke van Afrikaanse studente te vestig. Met bekende sangers soos Jakkie Louw, Robbie Wessels en die groep Klopjag wat hier optree, is dit al hoe meer die bymekaarkom plek van Afrikaanse sangliefhebbers. Die groep Klopjag het die afgelope week so 'n groot hoeveelheid aanhangers getrek, dat heelwat musiekliefhebbers nie 'n staanplek binne Maloney's kon kry nie. Die bestuur van hierdie uithangplek beplan ook om eerskomende Desember vakansie die kuierplek wesenlik uit te brei ten einde die groter hoeveelheid besoekers te kan hanteer. Die Afrikaanse musiekbedryf beleef tans 'n bloeitydperk, en deesdae is dit nie vreemd om Afrikaanse musiek in nagklubs soos Good 4 Fellows en Recess te hoor speel nie. Kenners in die bedryf skryf dit toe aan 'n al hoe groter identiteits bewussyn onder jong Afrikaans sprekendes.

VSR kwaad vir bestuur

Ernst Roets

"Ons sal dit nie duld nie" was die reaksie vanaf die Verteenwoordigende Studente Raad (VSR) nadat die Universiteit bekend gemaak het dat die samestelling van die VSR gaan verander. Volgens Prof. Chris de Beer, viserektor, het die Universiteit op grond van onder andere 'n meningsopname onder studente bepaal dat die VSR voortaan nie meer uit politieke partye saamgestel sal word nie. Daar word aan die hand gedoen dat die VSR voortaan uit verteenwoor-digers van die onderskeie Fakulteite saamgestel sal word.

Die huidige VSR het egter by monde van die president, Cornelius Janse van Rensburg, te kenne gegee dat hulle nie hiervoor te vinde is nie. Volgens Cornelius gaan die Universiteit effektief deur hierdie besluit die studente se stemreg wegneem. "Daar sal dus nie meer sprake van demokrasie wees nie." Verskeie partye, wat die ANC, PASMA, DA en VF+ insluit, is ook teen die besluit gekant. Die Vryheidsfront (VF+) is ook besig om regskennis oor die aangeleentheid in te win.

Studente het verskillende menings oor die saak. Sommige hou van die idee dat politiek van die kampus gaan verdwyn, maar het kommer oor studente inspraak. Carla Bruyn sê dit maak nie saak of daar 'n VSR is nie, want die UP-bestuur luister in elk geval nie na studente nie. Talle ander studente is egter teen die Universiteit se besluit gekant, en vra wat nou van demokrasie geword het. Daar is ook kommer oor die potensiaal vir konflik wat die besluit mag inhou. "Al wat nou gaan gebeur is dat die ANC en PASMA weer 'n klomp asblikke gaan omgooi." Verskeie studente sê die Universiteit wil die VSR wegvat omdat hulle vir die Afrikaner se veglus en stemkrag bang is. VF+ het aangedui dat die Universiteit se besluit vir studente nadelig is, en dat dit nie deur studente organisasies toegelaat sal word nie.

Parkeer chaos

Die UP-bestuur het besluit om nie meer hul belofte om verkeersboetes in Suidstraat te kanselleer na te kom nie. Volgens VF+ is studente weereens in die steek gelaat, en sal parkering in Suidstraat nou weer onwettig wees. "Dit lyk nie of die Universiteit enigsins parkeerprobleme wil oplos nie."

HET SENDINGWEEK NOG 'N TOEKOMS?

Kobus Bezuidenhout

Terwyl talle studente met Sendingweek daarin poog om die Christelike geloof na ander studente te bring, het daar vra oor die voortbestaan van hierdie studente aksie ontstaan. Daar het uit Teologiese kringe vra oor die UP-bestuur se siening van dié week ontstaan. Volgens Gerhard Kotze van die AP Kerk jeug het die UP-bestuur al reeds met hul "snaaks absurde" siening van diskriminasie die Christelike geloof amper in sy geheel van Tuks geskrap. Die bestuur het vroeër vanjaar menige studente geskok toe hul skriflesing en gebed by grade plegtighede afgeskaf het. "Die bestuur dink dat dit diskriminasie is as iemand slegs een geloof bevoordeel, soos bv. die Christendom, en wil dus eerder 'n universiteit sonder enige geloof vestig." Studente vrees nou dat daar vanaf die Universiteit se kant druk op Sendingweek toegepas gaan word. Volgens Kotze kan die UP-bestuur heel moontlik die siening inhou dat Sendingweek net soos skriflesing en gebed diskriminerend teenoor ander gelowe is, en poog om dit af te skaf. Volgens 'n student betrokke by Sendingweek sal dit hartseer wees as hierdie goeie saak ook deur die Universiteit afgeskaf word. "Ons moet nie skaam wees om ons Christelike geloof trots uit te dra nie."

Met die onlangse aankondiging deur UP-bestuur dat studente moet toelaat dat Afrikaans 'n stadige dood sterf, het studente die afgelope Maandag plakkate met vyf beweerde vyande van Afrikaans op kampus versprei. Die plakkate is egter vinnig deur die bestuur laat verwyder, en slegs enkeles was later die dag nog te siene.

Die laaste sê

Opstand is noodsaaklik

Dr. Dan Roodt

N.P. van Wyk Louw word allerweë beskou as die grootste digter wat Afrikaans nog opgelewer het. Maar ook as denker en aktivis het Louw 'n groot bydrae gelewer. Een van sy beroemdste stellings is: "Opstand is net so noodsaaklik in 'n volk as getrouheid. Dit is nie eens gevaarlik dat 'n rebellie misluk nie; wat gevaarlik is, is dat 'n hele geslag sonder protes sal verbygaan." Elke Afrikanerstudent behoort hierdie woorde uit te knip en in sy dagboek of op sy badkamerspieël te plak. Want die krisis wat ons vandag beleef, gaan nie oorkom word sonder opstand en protes nie. Die ANC-bewind, uitgesonderd dié van Robert Mugabe, is tans die mees rassistiese en onverdraagsame regering ter wêreld. Jong blankes word toegang tot werksgeleenthede en selfs studie op grond van hul ras geweier. Toe Hitler se Nazi-bewind in die 1930s dieselfde soort beleid teen Jode toegepas het, is dit as 'n misdaad teen die mensdom veroordeel. Die huidige rasse- en taaldiskriminasie waaronder ons gebuk gaan, is niks minder as 'n misdaad teen die mensdom nie. Maar waarom sê niemand dit nie? Waarom aanvaar soveel Afrikaners hierdie onregverdige stelsel? Waarom berus ons daarin dat plaasboere en stedelinge vermoor word, dat ons vroue en meisies verkrag word, dat ons in groter vrees moet leef as elke moltreinpassasier in 'n terreur-geteisterde Londen? Ongelukkig het 'n vorige geslag Afrikaners, dié van die stommerik Roelf Meyer, asook sy verraderlike baas F.W. de Klerk wat ons aan die ANC-geweldenaars uitverkoop het, protes vir gatkruip verruil. Vandag se geslag sal weer moet rebelleer. Om dit nie te doen nie, sal inderdaad gevaarlik wees.

Dr. Dan Roodt is 'n bekende Afrikaanse skrywer en leier van PRAAG.

Joop se stories...

Ses miljard rand se mieliepap

Ek wonder soms wie nou eintlik vir die meeste humor in Afrika sorg. Hier by ons sal dit sekerlik iemand soos Dr. Manto Tshabala Msimang met haar knoffel resepte wees. Hierdie Minister van Gesondheid skryf knoffel as die antwoord vir vigs voor.

Dan is daar natuurlik die ANC se groot vriend oorkant die Limpopo, Robert Mugabe. Eers het hy al die blanke kommersiële boere verjaag, met die gevolg dat Zimbabwe nie meer kos het nie. Met die "evil" boere verjaag spring hy toe in en verjaag die "evil" opposisie uit hul huise uit. Inflasie skiet deur die dak, en die armoede en korrupsie vier hoogty. En elke keer wat Brittanje, Amerika of een of ander "colonial racist" vir Mugabe vermaan om tog net tot sy sinne te kom, antwoord hy heel koel en galant dat "Africa don't need the West. They're not clever enough for our problems." Hy is eintlik reg, jy moet eintlik half onnosel wees om jouself met 'n Afrika regering tevrede te stel. So hier keer Mugabe sy rug op die Weste, en vra sy terroriste vriend Mbeki om tog maar net 6 miljard rand aan hom te leen (gee). Fantasties. Nou finansier die ANC met my en jou belasting geld die tirannie in Zimbabwe. Maaitjie sorg vir maaitjie. Laat my dink aan die dag toe PASMA asblikke om gefoeter en studente aangerand het. Wat kry hulle vir hul moeite? Met my en jou geld word R250000 se kos aan PASMA geskenk. Wat 'n goeie vorm van aanmoediging.

Maar terug by Mugabe. Hy is natuurlik bly. Ses miljard rand is nogal baie, maar Mugabe het ook nou al gewys dit maak nie saak wat jy aan hom gee nie, daar bly nie veel oor nie.Ek hoop tog dat hy in plaas van nog 'n stuk of twintig ministers aanstel, of vir homself verhogings gee, hy eerder kos vir sy mense sal koop. Ses miljard se mieliepap sal Zim dalk net vir nog twee maande langer laat oorleef. Is daar hoop? Mugabe antwoord: "We will never think and act like the disorientated governments of the West!" Wel, maak maar jou eie afleiding. Afrika is regtig een groot komediese opvoering. My raad aan jou? Hou die nuus dop: die beste kom nog!

Ek hoor Surf waspoeier is in die moeilikheid. Die produk word aangekla dat hy rassisties is. Surf se advertensies het blykbaar beloof dat hulle wit witter sal maak, en skoon skoner.

Jankejan

Die skrywer se mening is sy eie, en nie noodwendig dié van Dexter nie.